



LBW NUUS

OMGEWING

'NEE' WORD WEER 'JA' VIR KRAGSENTRALES

TWEE maatskappye wat skaars 'n maand gelede besluit het om nie meer 'n omgewingsgroep se hofsaak teen twee nuwe kragentrales langs die Wilgerivier by Delmas teen te staan nie, is nou weer vuur en vlam om met hul ontwikkeling voort te gaan.

Kuyasa Mining en KiPower sou aanvanklik nie meer me. Edna Molewa, Minister van Omgewingsake, en haar departement steun in 'n hofgeding om haar omgewingstoestemming vir dié kragentrales te verdedig nie.

Die Sentrum vir Omgewingsreg (CER) vra namens die organisasie

GroundWork dat die Hooggeregshof die Departement van Omgewingsake se toestemming vir die kragentrales ter syde stel. Dit volg ná 'n hofuitspraak in Maart dat die minister die beoogde Thabametsi-kragentrale by Lephalale se impak op klimaatsverandering moes oorweeg het voor toestemming daarvoor verleen is.

GroundWork sê benewens klimaatsverandering kan die twee beoogde kragentrales by Delmas ook lei tot grootskaalse besoedeling van die Wilgerivier.

'Dalk weet hulle iets wat ons nie weet nie.'

Twee beoogde kragentrales by Delmas kan besproeiingswater in die Groblersdal-omgewing sodanig besoedel dat dit nie meer geskik is vir die landbou nie.

FOTO: JASPERRAATS

Dié rivier, wat tot nou toe taamlik skoon was, help om besoedeling in die Olifantsrivier te verwater tot op 'n vlak waar laasgenoemde se water nog veilig is vir besproeiingsboerdery, veral in die Loskop-besproeiingskema by Groblersdal. Die Departement van Water en Sanitasie het reeds 'n watergebruikslisensie aan KiPower uitgereik.

ONTOEREIKEND

Dr. Steven Campbell, 'n Amerikaanse hidroloog, waarsku in 'n verslag wat hy vir GroundWork se saak teen Molewa en haar departement saamgestel het dat KiPower se voorstelle om besoedeling te voorkom, heeltemal ontoereikend is en dat oppervlak- én grondwater waarskynlik besoedel sal word.

Voorts hou die beoogde kragentrales ook omgewingsrisiko's vir Mosambiek in, want die Oli-

fantsrivier voed ook die Massingirdam in dié land.

LANG PROSES

Me. Nicole Löser, 'n prokureur van CER se besoedeling-en-klimaatsveranderingsafdeling, sê die organisasie het by die Watertribunaal appèl aangeteken teen die waterlisensie wat aan KiPower toegestaan is. Hulle wag nou vir die Departement van Omgewingsake om dokumente ter verdediging van sy saak by die Hooggeregshof in te dien.

“Daar sal nog baie dokumente van albei kante af ingedien moet word voor die hof 'n besluit in hierdie verband kan neem,” sê sy.

Intussen is daar nog geen duidelikheid aan wie Kuyasa en KiPower elektrisiteit wil voorsien met die twee 600 MW-steenkoolkragentrales wat hulle beoog nie. Die Minister van Energie het nog geen tenders van private verskafers aangevra nie.

“Ek verstaan nie hoekom die twee kragentrales se prokureurs nou weer hul gewig agter die saak wil ingooi nie. Dalk weet hulle iets wat ons nog nie weet nie,” sê Löser. – JASPER RAATS